**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr.: 1531/2010

In die saak tussen:

**ROELIEN DU PLESSIS** Applikante

en

**PETRUS JOHANNES DU PLESSIS** Respondent

---

**UITSPRAAK:** KRUGER, R

---

**AANGEHOOR OP:** 29 APRIL 2010

---

**GELEWER OP:** 6 MEI 2010

---

[1] Hierdie is ‘n Reël 43 aansoek. Applikante wat ook eiseres in die egskeidingsgeding is het ‘n Reël 43 aansoek geloods op 17 Maart 2010. Die respondent is die eerste verweerder in die egskeidingsgeding is. Die respondent neem ‘n punt *in limine* in sy opponerende eedsverklaring waarin hy sê dat die egskeidingsaksie in geheel op 11 Mei 2009 geskik is en heg ‘n skikkingsakte aan. Hy voer aan dat die applikante die onderhoudsbepaling in die skikkingsakte in die onderhoudshof te Sasolburg ‘n bevel van die Hof

gemaak het en heg daardie bevel van die Landdroshof Sasolburg aan. Die respondent sê in sy opponerende verklaring dat die applikante die egskeidingsaksie op die ongeopponeerde rol moes plaas maar sy het dit nie gedoen nie. Die respondent voer dus aan dat die egskeidingsaksie in die geheel geskik is en dat daar nie ruimte is vir 'n Reël 43 aansoek nie.

[2] Die kronologie in hierdie aangeleentheid is soos volg.

1. Egskeidingsdagvaarding uitgereik April 2008;
2. Mei 2009 Skikkingsakte onderteken;
3. 17 November 2009 eerste verweerder se pleit op in die egskeidingsgeding.
4. Op 5 Februarie 2010, eiseres se kennisgewing van wysiging van haar besonderhede van eis in die egskeidingsgeding.
5. 7 Februarie 2010: Eiseres se pleit op eerste verweerder se teeneis.
6. Op 17 Maart 2010, eiseres liasseer haar Reël 43 aansoek waarin sy gladnie verwys na die skikkingsakte nie;

7. 27 Maart 2010: Kennisgewing van Toetrede van eiseres se huidige prokureurs van rekord, Mnre Naudes.

[3] In haar betoog namens eerste respondent voer Me Vermaak-Hay aan dat hierdie hele geding geskik is en dat daar nie ruimte is vir ‘n Reël 43 aansoek nie. Op ‘n vraag waarom die respondent/verweerder nie in sy verweerskrif na die skikkingsakte verwys nie sê sy dat hy daarin die bedes herhaal soos in die skikkingsakte vervat. Sy verweerskrif op die teeneis is geliasseer op 17 November 2009, maande nadat die egskeidingsgeding reeds na bewering geskik is, maar hy verwys nie daarna nie. Sy sê dit is nie nodig om daarna te verwys nie want die bedes wat hy vra is soos per die skikkingsakte.

[4] Namens applikante/eiseres voer Mnr Gilliland aan dat daar ‘n dispuut is betreffende die skikking. Die respondent het die skikking laat vaar in sy pleit op die egskeiding se besonderhede van eis. Die applikante is nie gebonde aan daardie skikking nie. Die respondent verwys nooit daarna

nie. Nou opeens in hierdie geding haal hy die haas uit die hoed.

[5] Vir my is die optrede van beide partye in hierdie aangeleentheid vreemd. Ek sou verwag het dat die applikante die hof se verlof sou versoek het om 'n verdere eedsverklaring te liasseer waarin sy uiteensit waarom sy nie aan die skikkingsakte gebonde is nie en waarin sy die feite en gronde uiteen sou sit op grond waarvan sy dit onder 'n wanvoorstelling of druk of wat die rede ookal mag wees sou geteken het en waarom sy nie daaraan gebonde is nie. Sy het niks gedoen nie en al wat tans voor die hof is is die respondent se eedsverklaring waarin hy na die skikkingsakte verwys.

[6] Eweneens sou ek van die respondent verwag het dat hy in die pleitstukke en veral dan in sy pleit op die besonderhede van vordering sou verwys het na die skikkingsakte en gesê het dat daar geen rede vir hom is om te pleit want die geding is geskik. Respondent se pleit dui daarop dat daar inderdaad geen skikking was nie.

[7] Die applikante/eiseres se Kennisgewing van Wysiging en haar pleit op die teeneis laat in 2009/2010 dui daarop dat die geding tussen die partye nog steeds lewendig is.

[8] Op hierdie stukke kan ek nie bepaal of die skikking inderdaad aangegaan is en of dit van krag is of nie.

[9] Die aangewese remedie is om ingevolge reël 43 (5) verlof aan die applikante te verleen om 'n verdere eedsverklaring te liasseer waarin sy die gronde uiteensit waarom sy beweer dat die skikkingsakte nie geldig is en nie bindend op haar is nie. Sy moet ook sê waarom sy die inhoud van die Skikkingsakte by die Sasolburg Landdroshof geregistreer het. Sy moet sê wanneer sy besluit het dat sy nie aan die Skikkingsooreenkoms gebonde is nie. Verlof moet ook aan die respondent verleen word om in antwoord daarop 'n eedsverklaring te liasseer waarin hy uiteensit waarom hy meen dat die geding wel geskik is. Hy moet daarin verduidelik waarom die pleitstukke in die egskeidingsgeding gewoon voortgaan.

[10] Nadat daardie eedsverklarings geliasseer is kan die aangeleentheid weer geplaas word en 'n hof sal dan op daardie stadium beslis of die Reël 43 aansoek aangehoor kan word al dan nie.

[11] Die bevel wat ek verleen is:

1. Die Reël 43 aansoek word *sine die* uitgestel.
2. Die applikante word ingevolge Reël 43 (5) verlof verleen om 'n verdere eedsverklaring te liasseer waarin sy die gronde uiteensit waarom sy nie gebonde is aan die skikkingsakte aangeheg by respondent se antwoord in die eedsverklaring in die Reël 43 aansoek nie.
3. Die respondent word insgelyks verlof verleen om 'n eedsverklaring te liasseer waarin hy feite uiteensit op grond waarvan hy beweer dat applikante wel gebonde is aan die skikkingsakte.
4. Die applikante word verlof verleen om weer die aangeleentheid vir verhoor te plaas wanneer die eedsverklarings geliasseer is.
5. Indien die applikante begerig is om voort te gaan met hierdie Reël 43 Aansoek, moet sy haar eedsverklaring

liasseer voor of op 31 Mei 2010 en die respondent moet sy eedsverklaring liasseer binne 10 (tien) dae nadat die applikante se eedsverklaring op sy prokureurs beteken is. Daarna sal die applikante geregtig wees om die aangeleentheid vir verhoor ter rolle te plaas.

6. Die koste van die verhoor op 29 April 2010 word voorbehou.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikante: | Adv. J. G. Gilliland<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Me I. Vermaak-Hay<br>In opdrag van:<br>Lovius Block<br>BLOEMFONTEIN |

/EM